Oordenking
7 April 2010

Soos die Vader my gestuur het...(Joh.20:21)
Ons almal deel in hierdie blydskap – ***Jesus leef en Hy het opgestaan uit die dood***. Vir byna 6 weke het ons nagedink en mediteer oor sy lyding, sy pyn en sy dood. Baie het 'n persoonlike opoffering gemaak om te onthou om hieroor te dink en het met selfondersoek en verootmoediging gesoek na en gebid vir Geestelike groei en heiligmaking.

Omdat die Pase, dit is die opstanding van Jesus, ons uitdaag tot oorwinning en vreugde in die Here en 'n betekenisvolle bydrae tot die koms van sy Koninkryk, was dit nodig dat ons eers deur die proses moes gaan waarin ons die dood van die ou, ongehoorsame mens sou ervaar. Die ou selfsugtige mens kan nie saam met Jesus opstaan tot 'n oorwinningslewe nie. Dit is die nuwe mens wat die ou dinge afgesterf het, wat die volle krag van die opgestane Verlosser met blydskap en in oorwinning kan deel.

As sy lyding nie 'n besondere betekenis vir 'n mens gehad het nie en as jy nie gebid het dat jou ou mens saam met Jesus aan die kruis moes sterf nie, sal die kragtige boodskap van sy opstanding by jou verbygaan, want die ou mens verstaan nie die krag van die opstanding nie. Net die mens wat in Christus nuut geword het, sien daarna uit!

Jesus sê toe op die aand van die eerste Opstandingsondag vir sy dissipels – soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook! In hierdie "soos" is belangrike betekenis opgesluit. Dit laat ons die vraag vra: Hoe het die Vader vir Jesus gestuur? Die Vader het Jesus gestuur om verlossing en bevryding en lewe en oorwinning te bring in 'n wêreld vol van slawerny aan die bose en die sonde. So stuur Hy ons ook om oorwinnend te leef en instrumente te wees van sy Verlossing in 'n wêreld in kettings. Ja, my Christenskap moet saam met Christus werk vir die verlossing van die wêreld. Dit bring verandering in my eie lewe en in die lewens van baie ander mense wat deur my lewe die opstanding van Jesus kan ervaar.

Jesus het ook dié aand gesê – "ontvang die Heilige Gees!" Hy gee sy Gees, wat die krag waarmee Hy uit die dood opgestaan het, met ons wil deel! Jesus gee sy Gees sodat ons met ons hele lewe uit die dood kan opstaan en kan lewe in die krag waarmee Jesus die dood oorwin het.

Dit alles ter wille van ons roeping as kinders van die Here. Dit is as gestuurdes van die Here dat ons die oorwinning van die opstandingslewe ervaar! As ek gewillig is om saam met Jesus op te staan en ***die lewe*** aan die wêreld te bedien, leef ek die rede uit waarom Hy sy opstandingskrag met my deel. Jesus sê vir ons in hierdie Paastyd – Ek het jou uit die dood gered om vir My te werk. Wanneer sal jy gewillig wees om te gaan? Ek stuur jou ook soos die Vader My gestuur het.

Gebed: *Here, as U alles vir my gee wat ek nodig het om 'n kragtige verskil vir U te maak, maak my nou gewillig om te gaan waar en soos U my stuur. As ek U vergifnis aanvaar het, maak my ook gewillig om U opdrag te aanvaar. As U alles gegee het, sodat ek die lewe kan hê, wys my hoedat ek U lewe aan ander kan bedien. Amen.*